

KATELKNAAP – Leon van Nierop

Uittreksel

Hy onthou toe hy Christina ontmoet het. Ná sy traumatiese ervaring in Suid-Afrika, voor hy Europa toe gevlug het, het hy seks heeltemal afgeskryf. Hy het nie eers daaraan gedink nie, nog minder kon iets of iemand hom seksueel stimuleer. Hy was soos 'n landkaart sonder dorpe wat die oop ruimtes daarop moes vul. Daar mag dalk 'n paar verlate gehuggies gewees het, maar geen duidelike bestemming nie. Baie van die paadjies op Tristan se landkaart het bloot in die niet verdwyn.

Om sy kop besig te hou, het hy 'n paar los werkies begin doen. Hy het stene in Londen gelê. Hy het soos 'n stuk elektriese koord wat op 'n teerpad lê en ruk het, gevoel – die ene vermorste energie. Hierdie was sy manier om die duiwels in hom te besweer. En soms, wanneer hy sement op nóg 'n nuttelose steen gegooi het, het die klank hom onwillekeurig aan sy ergste nagmerries herinner, sodat hy sy greep op die steen verloor het.

Hy het ook as veiligheidswag in Ierland gewerk. Toe het hy dooie kalkoene ontveer op 'n plaas in die mees afgeleë deel van Skotland. Hy het met sy rugsak oor die vlaktes en deur moerasse duskant Inverness geswerf op soek na nog 'n werkie wat kos in sy maag sou sit. Met elke boot waarop hy geklim het, het hy onthou. En met elke aarbei wat hy gepluk het, het die rooi sap sy vingers soos bloed bevlek.

Tristan het doelbewus sy herinneringe uitgeblok, want dit het gedreig om op die mees onverwagte oomblikke te voorskyn te kom. Dit het opnuut by hom gespook wanneer hy in nog 'n bed in 'n goedkoop herberg ingekruip het. Dit het na die vorige werker geruik wat sy lyf voor hom hier ingewurm het. Hoe dieper Tristan sy kop onder die kussings probeer druk het, hoe dowwer het sy herinneringe geword.

Soms het die demone hom genadiglik vergeet, net om in die middel van die nag met 'n nuwe fors wonde in sy brein oop te kap.

Eendag het 'n sexy Skotse meisie openlik na hom gestaar. Dit was die enigste keer, behalwe toe 'n vrou op die vliegtuig haar hande onder sy kombers ingedruk het, dat hy weer seksueel aangetrokke gevoel het. Dit was soos 'n vergete wiskundige formule wat hy vir 'n matriekvraestel moes onthou. Maar kort daarna was daar weer 'n paniekaanval. Hy het dit nooit eers oorweeg om te masturbeer of kitsseks te hê nie. Hoe minder hy aan seks probeer dink het, hoe dieper is dit in die donker voue van sy onderbewussyn versteek. Hy het met die bome aan die oewer van die rivier buite sy hotel in Skotland geïdentifiseer – bome wat die wonde van 'n byl of skerp mes met gom en later met die bas probeer heg het.

Daardie letsels het uiteindelik begin genees toe hy Christina in Italië ontmoet het. Sy het haar baldadige T-hemde met gesmelte roomyse of spoelklippies op teen die muur onder haar venster in Positano geranskik, en het dadelik iets in hom wakker gemaak. Dit het gevoel asof hy na 'n operasie uit die newels bykom. Die hunkering na 'n vrou het iewers vanuit die vergetelheid ontwaak. Toe kon hy die Tristan voor die aanval helder voor die gees roep – die jong man wat vir maande onder emosionele narkose was.

Christina het soos die klein brandertjies geruik wat die klippies op Positano se strand gekoester het. Wat liggies om sy enkels gespoel het wanneer hy sy voete deur die vlakwater sleep. Hy kon opnuut weer kennis maak met die Tristan wat nog altyd iewers geskuil het – hy was net te bang om hom weer te herken. Die warmte van haar seks en haar liefde het hom herinner aan yskoue aande in Wallis wanneer hy nader aan die vuur geskuif het, en 'n wolkombers om sy lyf gevou het. Christina se warmte was beter as al daardie herinneringe saam.